# 'N PSALM OOR DIE DAG VAN DIE SHABBAT

**Psalm 92:1-15** **'n Lied vir die dag van die Shabbat**. Dit is goed om **Yahweh** te loof ("yadah" – gebruik jou hande!) en tot eer van U Naam te psalmsing ("zamar" – streel die snare!), o Allerhoogste, om in die môre U goedertierenheid ("gasdega" – NW 92") te verkondig ("naghad" – sonder om skaam te wees!) en U getrouheid in die nagte; by die tiensnarige instrument en by die harp, by snarespel op die siter. Want U het my bly gemaak, **Yahweh**, deur U dade; ek jubel ("ranan" – uiting gee aan jou blydskap) oor die werke van U hande. **Hoe groot is U werke, o Yahweh; baie diep is U gedagtes! 'n Dom mens weet nie, en 'n dwaas verstaan dit nie**: as die afvallige mense groei soos die plante en al die werkers van ongeregtigheid bloei, is dit om hulle vir ewig te vernietig. Maar U is hoog verhewe tot in ewigheid, **Yahweh**! Want kyk, U vyande, o **Yahweh**, want kyk, U vyande sal vergaan; al die werkers van ongeregtigheid sal verstrooi word. Maar U verhoog my horing soos van 'n buffel; ek is met vars olie gesalf. En my oog sien met goedkeuring neer op die wat my voorlê, my ore hoor van die wat teen my as kwaaddoeners opstaan. Die regverdige sal floreer ("parag" – skielik, onkeerbaar) soos 'n palmboom; hy sal groei ("saghah" – groter en meer word) soos 'n seder op die Livanon. **Geplant in die huis van Yahweh** (die plek waar gelowiges die Skepper se nabyheid opsoek), **sal hulle groei in die voorhowe van onse Elohiem.** In die gryse ouderdom sal hulle nog vrugte dra ("nuv" – die bewys dat daar groei was), hulle sal vet en groen wees (nie van ouderdom nie!), **om te verkondig dat Yahweh reg is, 'n ware my Rots, in wie daar geen onreg is nie**.

## SEWE "SHABBAT WOORDE" (NW VAN 92) IN DIE PSALMS

**1.Gasidai (ontvangers van guns of gunsgenote)** "Yahweh het die reg lief en sal Sy gunsgenote nie verlaat nie" 37:28 ... **2.B'fie** (In/met my mond) "Ek wil Yahweh altyd loof; Sy lof sal voortdurend in my mond wees" 34:1 ... **3.Gasdega** (U goedheid) "In die môre wil ek U goedheid verkondig" 92:2 ... **4.Pagad** (vrees vir Yahweh) "Heersers het my vervolg, maar my hart vrees vir U woord" 119:161 ... **5.Avadau** (Sy diensknegte) "Sy diensknegte sal Tsion beërwe en die liefhebbers van Sy Naam sal daarin woon" 69:36 ... **6.Beódi** (so lank as ek bestaan) "Ek wil sing tot eer van Yahweh solank as ek lewe, ek wil psalmsing tot eer van my Elohiem solank as ek bestaan" 104:33 ... **7.Y'halleluhu** (laat hulle Hom prys) "Laat hulle Hom verhoog in die vergadering van die volk en laat hulle Hom prys in die kring van die oudstes" 107:32.

SLOTSOM: Dis op die **Shabbat**, en met die aanroep van Yahweh se **Naam**, dat Sy *GUNSGENOTE* saamkom om met hulle hande, harte en *MONDE* lof aan Hom te bring vir Sy groot *GOEDERTIERENHEID* in hulle lewens. Hulle doen dit uit *VREES* en ontsag vir Hom, in die wete dat hulle niks meer as Sy *DIENSKNEGTE* is nie. En hulle doen dit boonop met die begeerte om *SO LANK AS WAT HULLE BESTAAN* nooit op te hou om met hulle *HALLELUYAH'S* voor Hom te kom nie.